

Peter Venter  
Gereformeerde Kerk Trinitas Oggenddiens  
2017-05-07  
Genesis 2:18-25  
Fokusvers: 18

## **God antwoord die alleenheid van die mens deur die huwelik, familie en kerk**

### **Inleiding:**

*“No man is an island”* – Dit is die wyse woorde van die skrywer John Donne in een van sy skryfstukke in 1624. Tog is dit nie nuwe insigte wat nou skielik op die tafel beland nie. Voor die sondeval, tydens die skepping sien ons reeds dat die mens nie veronderstel is om alleen te wees nie.

God het die mens geskep as ‘n sosiale wese. Hy moet deel wees van ‘n groep. Hunter Kennedy, die afrikaanse liedjieskrywer beskryf die mens as ‘n tropdier.

Ons is geskep om deel te wees. Ons is geskep om te bewoon, te bewerk en te bewaar. Dit is egter nie iets wat jy alleen regkry nie. Daarom skep God vir die mens ‘n maat.

God antwoord die alleenheid van die mens deur die huwelik, familie en kerk.

- God stel die huwelik in
- God roep ons op om familie te wees
- Die kerk dien as teken van huwelik en familie

### **God stel die huwelik in**

Genesis 1 en 2 handel oor die skepping van die aarde. Genesis 1 en 2 antwoorde verskeie van die mens se lewensvrae – Wat maak ek hier? Hoe het ek hier gekom? Wie is verantwoordelik vir my bestaan?

Genesis 1 gaan spesifiek oor die skepping van die aarde. Gen.2 fokus in meer detail op die skepping van die mens. Deur die verloop van die skeppingsverhaal lees ons voortdurend dat dit goed was. Tog teen ons verwagting lees ons in Gen. 2:18 *“Dit is nie goed dat die mens alleen is nie”*. Dit dryf in teen alles van die skepping. Hoe kan iets wat deur God geskep is, nie goed wees nie. Die skepping van die vrou is nog deel van die skepping. Die skepping is nog nie afgehandel nie.

Op die stadium is daar niemand om die mens te vergesel nie – daar is die diere wat ondergeskik is tot die mens. En daar is God by wie die mens nooit 'n gelyke kan wees nie. Daar ontbreek dus iemand wat die mens se gelyke is. Daar ontbreek iemand wat gelyk is in status. Daar ontbreek een wat by hom pas. God sien hierdie behoefte raak. God sien dat Adam iemand nodig het.

In vers 20 lees ons hoe Adam name gee aan al die diere. Hy is reeds besig om te werk aan sy skeppingsopdrag maar nogtans tydens hierdie benamingsproses *“het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie.”*

Dan bring God 'n diep slaap oor Adam. God neem 'n ribbebeen uit die mens en bou die ribbebeen om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe.

Geliefdes dink net aan die dankbaarheid en verwondering wat Adam ervaar het daardie eerste oomblik wat hierdie vrou voor hom verskyn – bykans soos 'n bruidegom wat die sluier van sy bruid aflag voor die kansel.

Hierdie vrou is uit hom uitgeneem. Daarom sê Adam ook dat dit een is uit homself. Die vrou is nie soos Adam uit stof uitgemaak nie. Nee, sy is uit Adam gemaak. Eva is dus nie geskep as 'n individu wat losstaan van Adam nie. Sy is vanuit Adam, sy is deel van Adam. Eva is geskep in gemeenskap met Adam.

En so is die skepping voltooi. Die saamwees van die mens is dus daar gestel binne die skepping.

Genesis skep die agtergrond vir die hele gebeurtenis van die Bybel. Ons leer in die eerste gedeelte van Genesis wie God is, wie ons is en wat God van ons verwag.

Die skeppingsopdragte staan ook bekend as die skeppingsordinansie. God het bepaalde standaarde en norme reeds in plek gestel deur die verloop van die skepping wat nie verander nie, ongeag omstandighede. Die saamwees van die mens is dus daar gestel binne die skepping. Ongeag die sondeval waarvan ons lees in Gen. 3 is die opdragte wat God daar gestel het binne die skepping geld steeds.

Wanneer vers 24 dus praat van die man en vrou wat een sal word, is daar geen sprake van alleen wees nie. Daar is geen sprake van 'n individualistiese menatliteit nie. Die huwelik is dus eerstens daargestel as 'n sosiale verhouding. Hierdie huwelik skep ook die platvorm vir die mens om ook sosiale kringe uit te brei deur kinders in

die lewe te bring. Op so 'n wyse is die huwelik dan 'n platvorm vir die totstandkoming van die familie.

### **God roep ons op om familie te wees**

Geliefdes jy kan nie jou familie kies nie. God stuur die nodige mense oor ons pad en dit is ook waar van ons families. Ons word gebore binne 'n bepaalde familie ook oor die feit dat dit nie goed is vir die mens om alleen te wees nie. Die prediker skryf 4:9 dat dit nodig is om as groep te funksioneer en te leef – *“Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets”*. Dit is dus vir ons voordelig om as familie te leef. Ons word gebore in 'n familie omdat ons afhanklik is van ander. Ons moet versorg word want ons kan nie onafhanklik wees van die intrapslag van die lewe nie.

Ons het dus ander mense nodig.

Tog gaan dit nie net oor sosiale interaksie nie. Deur ons saamwees bou ons mekaar ook op in die geloof. Die gesin of familie is die kleinste vorm van kerk. Daarom is ons plig as familie om mekaar ook te vermaan, te bemoedig en te vertroos soos dit nodig is.

Die Heilige Gees versterk ons ook in ons bande met mekaar. Enige familie ervaar konflik – die lewe is nie altyd maanskyn en rose nie. Dit is dus normaal om konflik te ervaar. Ongeag hoe ver ons van mekaar is of hoe kwaad ons vir mekaar is, ons is steeds familie – en geen konflik of kwadegevoelens kan dit verander nie.

Weens die sondeval is die verhoudings waartoe God die mens geskep het ook verbreek. Op grond hiervan is daar gebeure wat in die pad staan van gesonde verhoudinge, hetsy in die huwelik of as familie.

Tog herstel God hierdie verhoudings ook – daarom roep Hy ons op om kerk te wees om sodoende ook ons huwelike en families te versterk.

### **Die kerk as teken van familie en die huwelik**

Gebroke huishoudings en huwelike op die rotse is ongelukkig algemeen te sien in die samelewing. Tog draai ons so graag 'n blinde oog op die gebroke verhoudings binne die kerk. Hier gaan dit nie oor die fisiese bloedverwantskap van familie nie, maar die geestelike familie waartoe God ons geroep het.

*“Dit is nie goed dat die mens alleen is nie”* maar tog is hier soveel van ons wat geestelik weggedwaal het van die familie af – ons lewens getuig dat ons gelowig is, maar ons is nie deel van die gemeenskap van Christus nie. Soveel van ons sien raak hoe ander vereensaam geestelik en fisies en tog is ons so omgevou in ons eie individualistiese mentaliteit dat ons nie ander se alleenheid wil oplos nie.

As kerk vergader Christus sy kerk as sy liggaam tog poog ons in ons eie doen en late om die liggaam uit mekaar te dryf deur ons soeke na alleen wees.

Ons is individue en dit is normaal om soms alleen te wees. Tog is daar steeds ‘n behoefte vir ons om saam te wees.

### **Slot**

Die mens is ‘n tropdier. God het ons geskep as sosiale wesens. God gee die huwelik en die familie as wyse vir ons om as gemeenskap op te tree.

Sommiges van ons is nog nie getroud nie, of ons het dalk al ‘n huweliksmat verloor, ander het dalk nie meer familie nie.

Dit beteken nie dat jy alleen is nie. God gee aan ons ‘n geestelike familie waarbinne ons behoeftes van sosiaal wees, op ‘n geestelike wyse vervul word. Die Heilige Gees wek die gevoel van saamwees binne ons op sodat ons kan omsien na mekaar en verseker dat niemand vereensaam in die gemeente nie.

Ons elkeen is deel want Christus het ons geroep om deel te wees – Daarom troos Paulus ons ook dat ons in Christus deel het aan hierdie gemeenskap. *“Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen ‘n lid daarvan.”*